

**Nicol Stassen & Ulrich van der Heyden (samestellers): *German publications on the Anglo-Boer War / Duitse publikasies oor die Anglo-Boereoorlog / Deutsche Publikationen über den Anglo-Burenkrieg***

Protea Boekhuis, Pretoria

ISBN: 978-1-86919-118-4

Voorgestelde prys R150; hardeblad; 88 pp.

'n Groot aantal Afrikaanssprekende blankes se voorouers was van Duitse afkoms. Daar was gevolglik deur die jare heen sterk emosionele en ander bande tussen Afrikaanssprekendes en Duitsers. Boonop het Duitsland en die Afrikaners van die twee Boererepublieke (Transvaal en Oranje-Vrijstaat) teen die einde van die negentiende eeu in Groot-Brittanje 'n gemeenskaplike (moontlike) vyand gehad. Geen wonder dus dat toe die Transvalers aan die begin van Januarie 1896 vir dr. L.S. Jameson en sy "raiders" verslaan het, die Duitse keiser, Wilhelm II, 'n boodskap van gelukwensing aan president Paul Kruger gestuur het nie.

Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog op 11 Oktober 1899 het ook in Duitsland tot grootskaalse protes, en vervolgens steun aan die Boere, aanleiding gegee, al het die Duitse regering op grond van diplomatieke en militêre oorweegredes neutraal gebly. Uiteindelik het in totaal nie minder nie as 884 Duitsers vrywillig aan Boerekant geveg, van wie 22 op kommando dood is. Onder die bekendste vrywilligers tel luitenant-kolonel Adolf Schiel en graaf Harra Zeppelin (laasgenoemde het te Elandslaagte gesterf). Hierdie Duitsers se rol, asook gebeure aan die oorlogsfront in die algemeen, het einde 1899 / begin 1900 Duitse dagblaasie se nuusberigte oorheers. In koerante en in tydskrifte is die militêre konflik aan die suidpunt van Afrika ontleed; 'n groot aantal spotprente is gepubliseer; en in gedigte en ander kunsvorme is die Boere se beweerde heldemoed besing, die stamverwantskap tussen Duitser en Afrikaner beklemtoon, en die Britte verkleiner.

Nog voor die einde van 1899 is die eerste monografiese werke oor die Anglo-Boereoorlog in Duitsland gepubliseer: aanvanklik bloot pamflette en brosjures, maar met verloop van tyd ook omvangryke werke wat soms etlike honderde bladsye beslaan het. Veral vanaf die middel van 1900 tot ongeveer die einde van die oorlog op 31 Mei 1902, het die aantal Duitse publikasies oor die oorlog bestendig gestyg, waarna dit merkbaar afgeneem het. Hierdie Anglo-Boereoorlogliteratuur bevat enigiets van politieke pamflette, militêre analises en memoirs, tot poësie en avontuurverhale.

Teen die tyd dat die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 tot stand gekom het, het die Duitse openbare belangstelling in Suider-Afrika afgekoel; intussen was die oorlogswolke immers ook besig om in Europa saam te pak, wat tot die uitbreek van die Groot (Eerste Wêreld-) Oorlog in Augustus 1914 en die vernederende Duitse neerlaag teen November 1918 gelei het. Van tyd tot tyd het publikasies steeds in Duits oor die Anglo-Boereoorlog verskyn; selfs ook weer tydens die honderdjarige herdenking van dié stryd.

Nou, meer as honderd jaar na afloop van die mees omvangryke en belangwekkende konflik in die geskiedenis van Suid-Afrika het die uitgewer, Nicol Stassen, en die Duitse akademikus, Ulrich van der Heyden, 'n publikasie saamgestel waarin sover moontlik lyste van alle Duitse publikasies oor die Anglo-Boereoorlog opgeneem is, alfabeties gerangskik binne drie periodes: meer as 350 vir die tydperk 1899 tot 1910; meer as 50 vir die periode 1911 tot 1960, en meer as 30 wat sedert 1961 verskyn het.

Slegs aparte publikasies en monografieë is opgeneem; dus geen artikels uit koerante en tydskrifte nie. Hierdie Duitse publikasies sluit werke in wat in Oostenryk, Switserland, Pole en Rusland gepubliseer is, en ook vertalings uit ander tale in Duits. Genoemde vertalings sluit byvoorbeeld Conan Doyle se bekende oorsigswerk in, asook generaal Christiaan de Wet se oorlogsherinneringe en – uit die 1990s – twee van Wilbur Smith se romans.

Elke inskrywing bevat 'n outeur(s) en titel, en dan so ver moontlik die uitgewer, plek en datum van uitgawe, 'n aanduiding van hoeveel bladsye die publikasie beslaan, of dit geïllustreer is en of daar enige kaarte in is. Daar is vooraf ook kort inleidings in Engels, Afrikaans en Duits wat die Duitse publikasies in die algemeen in perspektief plaas. Gevolglik is hierdie 'n onmisbare naslaanwerk en bron van inligting vir enigiemand wat navorsing doen oor die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog, asook oor die neerslag van dié stryd in die Duitse letterkunde. Die waarde wat 'n leeskennis van Duits het ten opsigte van die bestudering van die geskiedenis van Suid-Afrika, word ook deur hierdie besonder nuttige publikasie beklemtoon.

**André Wessels**  
**Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat**